



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PUNTE

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2013
GRAAD 2 AFRIKAANS HUISTAAL
TOETS**

PUNTE: 30

TYD: 1 UUR

PROVINSIE _____

STREEK _____

DISTRIK _____

NAAM VAN SKOOL _____

OBIS-NOMMER (9 syfers)

--	--	--	--	--	--	--	--	--

KLAS (bv. 2A) _____

VAN _____

NAAM _____

GESLAG (✓)

SEUN	
-------------	--

DOGTER	
---------------	--

GEBORTE DATUM

C	C	Y	Y	M	M	D	D
---	---	---	---	---	---	---	---

Hierdie toets bestaan uit 13 bladsye, die voorblad uitgesluit.


Instruksies aan die onderwyser

1. Lees elke vraag stadig en hoorbaar aan die leerders.
2. Lees die vraag twee keer, terwyl die leerders in hulle boekies volg.
3. Gee hulle tyd om selfdie antwoorde in die gegewe spasies in te vul.
4. As die leerders klaar is, lees dan die volgende vraag.
5. Volg dieselfde prosedure tot by die laaste vraag.
6. Die toets tel 30 punte.
7. Die toets duur 60 minute.
8. Doen die praktiese oefeninge saam met die leerders.

Praktiese oefeninge

1. Omkring die letter langs die regte antwoord.


Dit is 'n ...



- A kat.
- B koei.
- C hen.
- D hond.

2. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.

Dit is 'n ...



kat	
rot	
hond	
koei	X


In jou toets sal jy nog vrae soos hierdie kry om te beantwoord.

Die toets begin op die volgende bladsy.

1. Beantwoord die vrae hieronder.

1.1 Omkring die letter langs die regte antwoord.

Dit is 'n ...




- A blar.
- B blaer.
- C blear.
- D blaar.

1.2 Kies die regte woord uit die blokkies hieronder.

Skryf die woord op die lyn onder die prentjie.

horlosie	hok	hek	hoender
----------	-----	-----	---------



.....

1.3 Omkring die letter langs die regte antwoord.

Ek ... my ma voor ek skool toe gaan.

A groei

B groep

C groet

D grot

Lees die storie en beantwoord dan vraag 2-8 hieronder.

Een wonderige middag was Sarel op pad winkel toe. Terwyl hy winkel toe ry, het hy rook van die skool se kant af sien kom. Hy het dadelik gestop, van sy fiets afgespring en op en af langs die heining gehardloop. Hy het hard na hulp geroep, maar die wind het baie sterk gewaai en niemand het hom gehoor nie.

Sarel het paniekerig begin raak. Die vlamme het al hoe groter geraak en al hoe nader aan die skoolgebou beweeg. Skielik het hy 'n idee gekry. Hy het op sy fiets gespring en vinnig na sy juffrou se huis gery. Hy het haar van die brand vertel en sy het die brandweer geskakel.

Die brandweermanne was net betyds om die vuur te blus voordat dit die gebou bereik het. Hulle het vir Sarel gesê dat hy 'n held is en Sarel het saam met hulle in die brandweerwa gery. Sarel was baie bly hieroor.

2. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.

Wat is die beste titel vir die storie?

Die beste titel vir die storie is ...

Sarel hou van sy juffrou.	
Sarel gaan skool toe.	
Sarel het 'n fiets.	
Sarel is 'n held.	

3. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.

Wie het die vuur geblus?

Sarel se juffrou	
Die kinders	
Die brandweermanne	
Sarel se ma	

4. Voltooi die sin.

Daar was 'n brand by die

5. Dui die regte volgorde van gebeure in die storie aan.

Nommer die sinne (1-4) in die blokkies om die regte volgorde aan te dui.

Hy het rook by sy skool gesien.	
Sy juffrou het die brandweer gebel.	
Sarel was op pad winkel toe.	
Hy het vir sy juffrou gaan sê.	

6. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.

Die vuur het al nader aan die skool beweeg, want ...

Sarel was besig om op sy fiets te ry.	
die hek was gesluit.	
Sarel het paniekerig begin raak.	
dit was 'n winderige dag.	

7. Maak 'n kruisie (x) in die blokkie langs die regte antwoord.
 Waarom het die brandweermanne vir Sarel laat saamry?
 Die brandweermanne het vir Sarel saam laat ry, want ...

hulle het gedink hy is 'n held.	
hy moes winkel toe gaan.	
hy het vir hulle gevra om saam te ry.	
hy wou nie loop nie.	

8. Beantwoord die vrae hieronder.

8.1 Gee **een** rede waarom j y van die storie gehou het of nie van die storie gehou het nie.

.....

8.2 Wat kon gebeur het as die brandweermanne nie die brand kon blus nie?

.....

9. Omkring die letter langs die regte antwoord.
Watter woord beteken dieselfde as "vinnig"?

A betyds

B snel

C laat

D agter

10. Skryf die regte antwoord op die lyn.

Die teenoorgestelde van "dag" is

11. Omkring die letter langs die regte antwoord.

11.1 Sarel was tro... op die brandweermanne.

A rm

B ts

C rt

D rk

11.2 Die brandweerman was nie ba... nie.

A rk

B rg

C ng

D nk

12. Kyk na die kalender hieronder en beantwoord dan die vrae.

April						
So.	Ma.	Di.	Wo.	Do.	Vr.	Sa.
	1	2	3	4	5	6
7	8	9	10	11	12	13
14	15	16	17	18	19	20
21	22	23	24	25	26	27
28	29	30				

Kies die regte woord uit die blokkies hieronder.

Donderdag	Maandag	Vrydag	Woensdag
-----------	---------	--------	----------

- 12.1 Die maand April begin op 'n
- 12.2 Die dag na 16 April is
- 12.3 Die laaste van die maand is op 25 April.

13. Omkring die letter langs die regte antwoord.

Die seuns ry op ... fietse.

A hulle

B sy

C syne

D haar

14. Skryf die volgende sinne oor in die ...

14.1 verlede tyd.

Sarel maak sy kamer skoon.

Gister

.....

14.2 toekomstige tyd.

Die brandweerman blus die vuur.

Môre

.....

15. Skryf die sinne oor.

15.1 Vul **twee** leestekens in die sin hieronder in.

sarel hou van sy skool

.....

15.2 Vul **een** leesteken in die sin hieronder in.

“Waar is my baadjie” vra die brandweerman.

.....

16. Vul die regte voornaamwoord op die lyn hieronder in.

Die seun doen huiswerk.

17. Skryf 5-8 sinne oor die prent hieronder.



A large rectangular box containing 14 horizontal dotted lines for writing.

Totaal : 30